Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Jacques Marais

Area: Villiersdorp

T: 083 652 0423 / E: jacques@laeveld.co.za

Gewasse: Appels, pere en pruime
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Jacques Marais is in Welgemoed, Bellville gebore en het in 'n besigheidsgeoriënteerde huis grootgeword. Sy oupa het by Breërivier geboer en hy het ook as kind baie tyd op 'n familieplaas naby Aan-de-Doorns deurgebring. Hierdie blootstelling aan die plaaslewe het sy belangstelling in die landbou van kleins af aangewakker en uiteindelik sy beroepskeuse bepaal.

Hy het aan Paarl Gimnasium gematrikuleer, waar hy sy passie vir sport kon uitleef. Jacques het vir sy skool se eerste spanne krieket sowel as rugby gespeel. Hy is ongetroud en een van drie broers, saam met wie hy graag sy liefde vir jag en visvang uitleef.

Dié Bolander het 'n B.Agric.-graad by die Universiteit van Stellenbosch/Elsenburg verwerf, met Hortologie en Wingerdboukunde as hoofvakke. As student het hy alreeds baie belanggestel in grondherstelling, plantvoeding en die hulpmiddels vir optimale boerdery. Gevolglik het hy besluit om gedurende sy finale jaar op Stellenbosch die CropLife (AVCASA)-kursus addisioneel te voltooi. Dit het sy kennis verbreed en 'n goeie fondasie gelê vir die uitleef van sy beroep.

As student het hy gereeld vakansiewerk gedoen op plase in die Porterville-, Breërivier- en Prieska-distrikte. Die belangrikheid van kundigheid in jou werksgebied het in hierdie tyd 'n blywende indruk op hom gelaat.

Jacques het die laaste paar jare waardevolle werksondervinding by Agri Technovation opgedoen en die MYFARMWEB™-toepassing op 'n daaglikse basis met groot vrug gebruik. In 'n verskeidenheid van werksomgewings, soos die Sandveld, Boland, Malawi en Mpumalanga, het hy die waarde van kliëntediens geleer.

Jacques beskryf homself as 'n eerlike en opregte persoon met sterk etiese waardes. Hy is 'n sosiale mens en hou daarvan om saam met sy familie en vriende te kuier, vleis te braai en te jag. Sy lewe word op Christelike beginsels gebou, hy besef die grootheid van die skepping en respekteer die natuur.

Met behulp van Laeveld Agrochem en Agri Technovation se tegniese kenners, is sy mikpunt om 'n beduidende rol te speel in die vooruitgang van die landboubedryf.
Jacques is werksaam in die Elgin-, Grabouw-, Villiersdorp- en Vyeboom-areas.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes. Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.